



'n Paar uitsonderlike SA Kalahari Red-ramme.

Deur THEUNS BOTHA
landbou@mweb.co.za

Die Suid-Afrikaanse stoetbedryf is daarvoor bekend dat elkeen verkies om sy eie ding op sy eie manier te doen. Nie só met die Suid-Afrikaanse telers van vleisbokke nie. Drie van die bekendste rasgenootskappe het onlangs besluit om hul kragte saam te snoer. In 'n eksklusiewe onderhoud met *Landbouweekblad* verduidelik die voorsitters van die onderskeie verenigings waarom daar op dié stap besluit is.

In 'n verfrissende ontwikkeling het die SA Boerboktelersvereniging (SABTV) onlangs besluit om die hand van samewerking na die SA Kalahari Red- en SA Savanna-telersvereniging te reik. Dié drie verenigings se werksaamhede sal nou vanuit een kantoor in Middelburg, Oos-Kaap, bedryf word.

Vir mnr. Izak Vorster, wat reeds vir vier jaar die voorsitter van die SABTV is, is 'n droom bewaarheid toe die ander twee verenigings die aanbod van samewerking op hul onderskeie jaarvergaderings eenparig aanvaar het.

Hy meen persoonlikheidsbotsings is een van die redes waarom samewerking nie vroeër moontlik was nie.

"Ongelukkig het dit eintlik die hele bedryf

Vleisbokke nou in een kamp



In 'n belangrike ontwikkeling in die stoetbedryf het drie van die land se bekendste vleisbokrasse onlangs besluit om hul kragte saam te snoer en hul werksaamhede te sentraliseer, sonder dat hulle hul identiteit sal inboet. Daar word ook gesamentlike skoue en veilings gehou. Die manne aan die stuur van sake is, van links, mnr. Izak Vorster, voorsitter van die SA Boerboktelersvereniging, Louis van Rensburg, voorsitter van die SA Kalahari Red-telersvereniging en Mervyn Swart, voorsitter van die SA Savanna-telersvereniging. Vorster is ook die voorsitter van die oorspronklike vereniging wat as SA Boerbok bekend staan.

benadeel. Daar is soveel raakpunte tussen die onderskeie rasse dat dit 'n luukse sou wees om nié saam te werk nie. Toe ons eers om 'n tafel gesit het, het ons besef dat die verskilpunte inderdaad nietig was."

Hiermee stem mnr. Louis van Rensburg, voorsitter van die SA Kalahari Red-telersvereniging, volmondig saam.

"Omdat ons 'n betreklik nuwe vereniging is wat eers in 1998 gestig is en feitlik oor geen infrastruktuur beskik het nie, was dit soos manna uit die hemel. Die dag nadat ek tot voorsitter verkies is, het ek met 'n volle mandaat van my lede by die onderhandelingsafel gesit."

Mnr. Mervyn Swart, voorsitter van die SA Savanna-boktelersvereniging (in 1993 gestig), verduidelik dat sy vereniging voorheen as't ware die tuiste vir alle vleisbokrasse buite die SA Boerbok-dampkring was. Selfs die Kalahari Reds en die skilderbokke was aanvanklik deel van die vereniging.

"As mens die saak op die keper beskou, stam alle vleisbokke in die land van inheemse bokke af. Dit is bloot seleksie en teling wat tot gevolg gehad het dat daar vandag verskillende vleisbokrasse in die land is."

"Ja," voeg Van Rensburg by, "daar was 'n tyd toe die Kalahari Red as die bruin Savanna bekend was en daar selfs 'n subspesie was wat vanweë sy kort, misvormde ore die muisoor-Savanna genoem is. Toe mnr. Keith Ramsey, registrateur van diereverbetering van die Departement van Landbou 'n skou bygewoon en die Kalahari Red gesien het, het hy aanbeveel dat dié bok

eerder sy eie pad moes loop."

Gepra of die verskillende bokrasse inderdaad geneties van mekaar verskil en of dit nie net 'n geval van kleurverskille is nie, antwoord Van Rensburg dat laasgenoemde wel só kan wees, maar dat die onderskeie verenigings ook 'n verskil in benadering het as dit by teelbeleid kom.

"Met SA Kalahari Reds word daar hoofsaaklik ekstensief geboer. Lede stel 'n hoë

premie op prestasietoetsing, wat deurslaggewend gaan wees vir vinnige teelvoorring in die toekoms. Ons is oortuig dat die toekomstige vorm van die Reds deur hul gemete prestasie, en nie andersom nie, bepaal sal word."

Hy meen die kleurverskille van bokke

(Na bl. 6)

Elke ras het sy voordele

Landbouweekblad het die voorsitter van elke vleisbokvereniging gevra wat sy ras uitsonderlik maak. Hier is hul sienings.

Mnr. Izak Vorster, SA Boerbok. Dié vereniging, wat in 1959 gestig is, het tans sowat 250 lede. Die genepoel word op meer as 3 miljoen bokke geraam. Hierdie ras, wat oral in Suid-Afrika aangetref word, is bekend vir sy vleis van hoë gehalte en besonder groot karkas. Die diere is gehard en aanpasbaar en ook goed bestand teen siektes. Die gemiddelde lampercentasie beloop in die orde van 180. Die oole het baie melk en is langlewend. Die bokke benut, na gelang van die beskikbare weiding, sowat 74% blare en 26% gras.

Mnr. Louis van Rensburg, SA Kalahari Red. Hierdie vereniging is in 1998 gestig en het tans 27 lede. Die genepoel word op nagenoeg 3 000 bokke geraam.

Dié ras vaar besonder goed in ekstensiewe toestande, en die diere is danksy wetenskaplike seleksie vinnige groeiers. Weens die oole se goeie moedereienskappe word die Kalahari Red beskou as 'n ras waarna 'n mens maklik kan omsien. Die rooibruin haarbedekking en vel wat 100% gepigmenteer is, help om die diere in die veld te kamoefleer.

Mnr. Mervyn Swart, SA Savanna. Dié vereniging is in 1993 gestig en het tans 17 geregistreerde telers. Die genepoel in Suider-Afrika word in die orde van 20 000 bokke geskat. Hierdie bokras is die resultaat van teling en natuurlike seleksie en is baie goed by die droë toestande in Suid-Afrika aangepas. Die diere gedy op swak doringbosweiding en struik, maar ook in dele met 'n hoër reënval. Weens hul los vel bied die bokke uitstekend weerstand teen uitwendige parasiete. Ander kenmerke sluit goeie moedereienskappe en hoë vrugbaarheid in. Hierdie wit bokke is veral gesog vir sekere geloofs- en tradisionele rituele. **L**



Twee voortreflike SA Boerbokramme.

Vleisbokke nou in een kamp

(Van bl. 5)

kan, ondanks die feit dat sommige mense daarmee die draak steek, as 'n bemarkingstrategie aangewend word.

"Die feit dat SA Kalahari Reds bruin is, maak hulle as 't ware onsigbaar vir diewe en ongediertes in die veld. Dit is 'n voordeel," spog hy.

Swart skud net sy kop wanneer hy na Van Rensburg se beredening rondom kleur luister.

"Hoewel ek met hom saamstem wat prestasietoetsing betref, kan ek net nie glo dat 'n jakkals en rooikat eerder 'n wit as 'n bruin bok sal wil vang nie. Wit bokke het weer die voordeel dat hulle hitte weerkaats. Boonop is hul velle 100% swart gepigmenteer, wat meebring dat hulle uitstekend in warm toestande vaar. Daar is verder vanweë sekere tradisionele en godsdienstige redes ook 'n baie goeie vraag na spierwit bokke," kap hy terug.

Vorster sien in watter rigting die gesprek beweeg en tree diplomaties tussenbeide.

"Met die samewerkingsooreenkoms wat daar tussen die onderskeie verenigings bereik is, is besluit om die goeie eienskappe van elke ras te beklemtoon en nie op die verskille te konsentreer nie. Gelukkig beskik die SA Boerbok oor die beste van albei wêreldes as dit by kleur kom," skerts hy.

Vorster sê in teenstelling met die SA Kalahari Red en SA Savanna, waar prestasietoetsing mettertyd sal bepaal hoe die diere se vorm sal lyk, het die SABTV vooraf rasstandaarde vir 'n funksionele vleisdier neergelê.

"Vandag is die SA Boerbok die beste vleisbok ter wêreld. Wat vleisbouvorm betref, is hy die ander twee rasse vooruit omdat daar reeds vir meer as 50 jaar vir 'n bepaalde tipe karkas geselekteer word. Ongelukkig kan dieselfde nie gesê word as dit by prestasietoetsing kom nie. Hier klop die ander twee rasse ons," erken hy.

Ingevolge die ooreenkoms wat tussen die drie verenigings bereik is, sal elkeen onafhanklik, maar ook interafhanklik funksioneer, verduidelik Vorster. Elke vereniging sal ongeag die aantal lede wat aan hom behoort gelyke verteenwoordiging geniet wanneer daar belangrike besluite geneem word wat vleisbokke raak.

Die oorhoofse vereniging se naam is SA Boerbok. Vorster is tot die eerste voor-



'n Mooi voorbeeld van 'n SA Savanna-ooi en haar lam.

sitter verkies. Ofskoon elke vereniging oor sy eie ledelys beskik en besluite kan neem wat net op sy eie lede betrekking het, sal 'n eenvormige ledegeld aan SA Boerbok se kantoor oorbetaal word om die administratiewe funksies uit te voer. Me. Michelle Kruger van die SA Boerboktelersvereniging is intussen tot rasdirekteur bevorder.

Vorster sê die grondslag vir samewerking is dat elke rasvereniging sal poog om waarde toe te voeg. Dit sal eerder 'n geval wees waar daar gevra word "wat kan ek vir die vereniging beteken" en nie "wat kan die vereniging vir my doen nie".

Die samewerking strek verder as net 'n gesamentlike administratiewe kantoor. Elke rasgenootskap sal sitting, met stemreg, op die ander genootskappe se vergaderings geniet. Dit beteken dat die toekomstige voorsitter van SA Boerbok uit die gelede van enige van die drie rasverenigings kan kom. Daar word reeds gesamentlike veilings en skoue gehou.

Swart sowel as Van Rensburg meen dat

dit baie groothartig van die SABTV was om die hand van samewerking na hulle uit te reik. 'n Logo waarin al drie rasse verteenwoordig sal wees, word vandeemaand bekend gestel.

Die onderhoud staan einde se kant toe en mev. Una Vorster nooi ons om by haar feestafel vir middagete te kom aansit. 'n Smaaklike bruingebraaide Boerbokboud is die hoofdis op die spyskaart. Voordat daar weggeleë word, stel Vorster 'n heildronk in.

"Noudat ons op die kruin van die golf is, soek ons getalle. Elke plaas en klein-hoewe in die land het plek vir 'n vleisbok, sonder dat boere hul ander diere hoef te verminder. Ek voorspel 'n blink toekoms vir enige boer wat 'n paar vleisbokke wil aanskaaf, ongeag of dit 'n Savanna, Kalahari Red of Boerbok is," sê hy as daar 'n glasië wyn op die nuutgevonde samewerkingsooreenkoms geklink word.

Navrae: Me. Michelle Kruger, tel. 049 842 411 of e-pos: boerbok@adsactive.com.